

4 November

Skrifgedeelte: Psalm 87:1-10; Efesiërs 2:11-22 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 87:3-5 (OAV)

In Christus het ons wat ver was, ook Sion geword!

Sondag is die eerste dag van die week. Ook “die dag van die Here”, omdat die Here Jesus op hierdie dag uit die dood opgestaan het. Daarmee het Hy die dood oorwin, die straf op die sonde volkome betaal, die ewige lewe bevestig. Die gelowiges word hierdeur erfgename van die ewige lewe en kinders van God. Hierdie Blye Boodskap móét uitgedra word (Matt. 28)!

Hoe? Hoe het ek en jy dit gehoor? Deur my ouers, naaste, kerk, die Bybel. Só moet ek en jy ook ’n ouer, ’n naaste wees met die leuse: “Ek bring jou graag by God, my kind!”

Maar boweal: Dit is Gó d se genade wanneer mense tot geloof kom. Psalm 87 beskryf dit dat dit Gó d is wat Israel as sý volk verkies. É n dis ook Gó d se genade dat mense uit ander volke as Israel as deel van Sion gereken kan word. “Sion” is die versamelnaam van die plek waar en die mense aan wie God sy reddende genade betoon en ook waar God se volk woon.

Hierdie Sionsvolk word uit alle nasies saamgestel. Daar is mense van Egipte, Babel, Filistea ensovoorts. (En skryf maar jou land ook hierin!) Hulle name word in die Boek van die Lewe opgeskrywe asof hulle almal in Sion gebore is. Van hierdie Sion, of Gods volk, sal gesê word: “Man vir man is daarin gebore en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand.”

Die Here Jesus Christus is die middelpunt van hierdie genadige redding van God. Deur Hom het ek en jy ook tot God gekom asof ons letterlik in Sion gebore is. Efesiërs 2:11-22 sê onder andere: Ons moet onthou dat ons wat vroeër heidene was en vervreemd van die burgerskap van Israel (Sion) en sonder God in die wêreld, nou in Christus Jesus “naby gekom het deur die bloed van Christus”.

“Want Hy is ons vrede, Hy wat albei (Israel en heiden) één gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het.” “En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan dié wat naby was” (Ef. 2:17).

Dra tog hierdie Blye Boodskap uit!

Sing: Psalm 148:1, 4, 5 (1936)

Ds. AH Stavast (Kroonstad)